## HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliks-herdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

| Dag | Datum | Naam & van |
|---|---|---|
| Wo | 18/06 | Deon en Cecilia du Plessis (9 jaar) |
| Vr | 20/06 | Banie en Marli Nortjé (16 jaar) |

**Bede met meelewing:** Psalm 121: 4

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.


## DIAKONIE SE KOSKAS




**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.

(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 21 Sondag 15 Junie 2025
***REDAKTEUR:*** **RUDY VAN DER SPOEL** **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 17:00 — **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** — **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** — **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za — **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste en Huis Eikelaan om 15:30:**
**Ouderling:** Wyk 1 **Koos Nortjé** en wyk 2 **Klaas Wyma**
**Diaken:** Wyk 1 en wyk 2 **Zurich Terblanche**
**Skinkbeurt:** Wyke 7 - 9 Wyksusters Anita Stavast, Ina Roos, Marli Nortjé
**Huis Eikelaan: Ouderlinge Koos Nortjé en Klaas Wyma**

## EREDIENSTE Albei dienste gelei deur ds Jannes van Dijk

*Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers*

**Oggenddiens om 9:30 en middagdiens om 17:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGEND: Woordbediening:** 1 Samuel 22:1-5; Psalm 142.
**Fokusvers:** Psalm 142:5
**TEMA:** ***In die gemeenskap van gelowiges beëindig die HERE ons eensaamheid.***
**Sing:** Psalm 121:1, 2, 3; Psalm 122:1, 2; Psalm 25:3, 8; Psalm 102:3, 4; Psalm 142:1, 2, 3, 4 (eerste melodie Psalm 45); Psalm 68:3, 9.
**Sing met meelewing:** Psalm 121:4. .

**MIDDAG om 17:00: Woordbediening:** Jesaja 40:1-10.
**Fokusvers:** Jesaja 40:9.
**TEMA:** ***God se roeping is ernstig, die getuienis van sy Woord is ernstig en sy belofte is ernstig.***
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3&4, paragraaf 8.
**Sing:** Psalm 132:5, 9, 10 (tweede melodie); Psalm 95:1, 3, 4; Psalm 78:1; Skrifberyming 11-1: 9, 10, 11(22); Psalm 134:1, 2, 3.

**KOLLEKTES VANOGGEND:** ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir *Geopende Deure.*
**VANMIDDAG**: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
**Volgende week:** Spesiale kollekte is vir *GKSA Sustentasiefonds*

**Prof Ben de Klerk** [emeritusprofessor van die TSP] neem DV vanmiddag die erediens by Huis Eikelaan waar.

## LIEF EN LEED    OOG VIR MEKAAR

### MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Alhoewel ons verlede Sondag deur die afkondigings met **Gene Putter** en ook al hulle geliefdes en dierbares meegeleef het na die dood van **Wynand**, doen ons dit ook graag langs hierdie weg in *Op die Kerkwerf*. Wynand is verlede Saterdag in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan oorlede. Die begrafnis het Vrydag vanuit ons kerkgebou plaasgevind. Ons betuig nogmaals ons innige meegevoel met sy vrou Gene en al sy dierbares. Mag ons hemelse Vader deur sy Woord en Gees julle ryklik vertroos.

### VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:
Ons volhard in ons voorbidding vir **prof. Callie en Susan Coetzee**. Prof. Callie ondergaan Vrydag (20/06) 'n PET skandering by die Johannesburg Chirurgiese Hospitaal en **Susan** word nog steeds vir die longembolis behandel. Daar was in die afgelope week newe-effekte van die medikasie. Ons bede is dat ons hemelse Vader in sy troue liefde u daagliks met nuwe krag sal versterk en aan u genesing en uitkoms sal gee. Ons bede is ook dat die skandering wat prof. Callie Vrydag ondergaan, aan die mediese span groter duidelikheid sal gee oor sy behandeling vorentoe.

**Christa van Jaarsveld** moet 23 Junie 'n operasie in Mediekliniek ondergaan. Ons verseker haar en Japie van ons voorbidding vir hulle. Mag daar ryke seën op die operasie wees. Japie moet DV op 28 Julie weer in Klerksdorp Hospitaal opgeneem word vir 'n moontlike prosedure.

Ons volhard in ons voorbidding vir **Manie en Eleanor Geyer** in die beproewende tyd waarin hulle verkeer met Manie se kanker-diagnose. Mag u in hierdie tyd die troue liefde van ons Here ervaar.


## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak | | | | |
| So | 15/06 | 15:30 | Erediens : Huis Eikelaan<br>Prof Ben de Klerk | Kapel |

### KATKISASIE

As gevolg van die laer- en hoërskole se eksamens en ook die feit dat volgende naweek 'n lang naweek is, sal ons katkisasie-werksaamhede na die wintervakansie hervat. Kom ons doen voorbidding vir ons studentelidmate en ook ons katkisante in hierdie eksamenseisoen. Mag julle met krag versterk word en ook skranderheid ontvang!




### BYBELSTUDIE

Die Woensdagaande Bybelstudiegroep het afgesluit. 'n Aantal van die lidmate wat die Bybelstudie bywoon, vertrek vir langer tye met vakansie en oorsee. Ons bid hulle almal 'n voorspoedige reis toe. Die Woensdagaandgroep sal weer op 23 Julie om 18:00 in die konsistorie bymekaarkom. Studie 3 uit 1 Korintiërs sal dan behandel word.

## Op die Kerkwerf

**Die volgende drie uitgawes van *Op die Kerkwerf*, 22 Junie, 20 en 27 Julie sal DV deur Marli Nortjé versorg word.**
marlinortje@gmail.com

## KARWAGTE

**Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte (Jafta). Dit kan afgedra word in die houtbussies by die deure.**

**Jesse Niemand** word DV op 19 Junie in die Klerks-dorp Hosptiaal opgeneem met die oog op ŉ operasie op 25 Junie. Dit is ons bede dat ons hemelse Vader aan u in aanloop hiertoe vrede sal gee en dat die behandeling deur die dokters ryklik geseënd mag wees.

**Susan Nortjé** moet op 23 Junie ŉ opvolgbesoek by die besoekende Nefroloog uit Krugersdorp bring. Ons gebed is dat daar deur die dokter se bevindinge en (moontlike) behandeling vir u lewenskwaliteit mag wees.

**Ria Esterhuizen** is Woensdag in die Potchefstroom Hospitaal opgeneem met longontsteking en nierversaking. Ons verseker Ria, Hanlie en ook Kylie en Ian van ons voorbidding vir hulle as familie met die bede dat daar vir Ria genesing en versterking van haar kragte mag wees.

## DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

**Saartjie Badenhorst** is verlede week uit die M-Care Hospitaal ontslaan nadat sy rehabilitasie ontvang het as deel van die behandeling na die nekoperasie wat sy ondergaan het. Ons is saam met Saartjie en Gerrit en ook Berdien en Leané danbaar vir ons Here se troue sorg.

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van **Duppie du Plessis** (Marthinus) en **Lenie Bouwsema** vir wie daar ŉ kleinseun en agterkleinseun Donderdagoggend gebore is. Mag u as familie baie vreugde ontvang en mag ons hemelse Vader klein Devan in sy troue liefde koester.

Ek betuig weereens graag my diepe dankbaarheid en hoogste waardering vir die meelewing met my verjaardag die afgelope week, al die goeie wense en bemoediging, al die gebede, ook die wyse waarop die susters my verras het. Ek en Susan kon opnuut die genade van ons hemelse Vader ervaar om deel van sy gemeente hier in Potchefstroom in besonder te wees. Seënwense en groete aan elkeen van U. - Prof Callie.

## VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.



**Piet en Karin Aartsma** vertrek na Australië om hulle seun daar te gaan besoek. Ons bid hulle ŉ goeie reis toe en ŉ veilige terugkoms.

**Klaas en Malie Wyma** is vir twee weke uitstedig - Klaas en sy seuns kyk krieket in Londen en Malie geniet haar kleinkinders se geselskap in Hermanus. Ons bid hulle as familie 'n geseënde tyd saam toe en 'n veilige tuiskoms.

**Rudy en Nelly van der Spoel** is vir vyf weke uitstedig (en ook landuit!). Ons gebed is dat Rudy en Nelly die seën van ons Here op hulle reispaaie sal ontvang. *Baie dankie* aan Marli Nortjé wat in hierdie tyd *Op die Kerkwerf* sal versorg.

**Nelis en Dina Coetsee** sal ook later in Julie (waarskynlik voordat daar weer ŉ *Op die Kerkwerf* verskyn) na Nederland vertrek om daar by hulle kinders te kuier. ŉ Veilige reis word u toegebid!

As daar ander lidmate is wat vir korter of langer tye uitstedig sal wees, laat ons asseblief weet dat ons ook langs hierdie weg met u kan meeleef. Stuur met vrymoedigheid ŉ boodskap na die kerkkantoor, of laat u wyksouderling weet.

## *TROOS NA TRAUMA*

*Baie van ons lidmate is die afgelope tyd diep getref deur trauma. Ek beplan om 'n Bybelstudiegeleentheid elke Donderdag aan te bied vanaf Donderdag 24 Julie om 10:30. Die eerste byeenkoms sal fokus op trauma - die effek daarvan op die liggaam, waarna ons na die salf en die olie vir die wonde in die Bybel sal soek.*

*Laat ds. Jannes gerus weet indien u hieraan sal wil deelneem*

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 7 - 9 nooi almal uit om na die erediens ŉ koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet

